higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

(3021013)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Beleid wat werknemers teen beserings by die werkplek beskerm

1.1.2 Mense wat goedere en dienste by 'n besigheid koop

1.1.3 Dit word toegeken aan 'n firma wat uitstekende prosedures en stelsels ten opsigte van die produksie van goedere en dienste in werking gestel het

1.1.4 Hulle verdien 'n inkomste deur middel van fondsinsamelingsaktiwiteite en skenkings en word van belasting vrygestel

1.1.5 Die tyd wanneer 'n onderneming nie in bedryf is en deur versekering gedek word nie

1.1.6 Hulle belê geld in 'n maatskappy en verwag dat die maatskappy 'n positiewe kontantvloei moet handhaaf

1.1.7 Die gebruik van vraelyste en onderhoude om uit te vind wie die kliënte is en watter tipe produkte hulle wil hê

1.1.8 Hulle word gebruik in die vervaardiging van ander produkte en het 'n lang lewensduur

1.1.9 'n Persoon wat produkte verkoop aan mense wat in die straat verbystap

1.1.10 'n Werknemer wat aangestel word vir 'n spesifieke pos teen 'n spesifieke betaling

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Bystand en raad verskaf deur 'n maatskappy aan diegene wat produkte by die maatskappy gekoop het	A	arbeidsbesparende toestelle
1.2.2	Die uitruil van inligting deur te praat, te skryf of die een of ander vorm van media te gebruik	B	handelstydskrifte
1.2.3	Hulle sluit geboue, finansies en werknemers van 'n maatskappy in	C	werwing
1.2.4	Goedere word bestel wanneer 'n sekere vlak bereik word om tekorte te voorkom	D	kliëntediens
1.2.5	Die masjiene en toestelle wat menslike inspanning en harde werk verminder	E	omgewingsrisiko
1.2.6	Die basiese fasiliteite en masjinerie wat nodig is vir 'n onderneming se bedrywighede	F	kommunikasie
1.2.7	Die algemene proses om geskikte kandidate vir 'n pos te werf, te kortlys, keur en aan te stel	G	infrastruktuur
1.2.8	Wanneer 'n konstruksiemaatskappy versuim om sy sperdatums na te kom as gevolg van reën	H	voorraadbeheer
1.2.9	Die tydskrifte wat nuus en items van belang oor 'n betrokke bedryf bevat	I	logistieke ondersteuning
1.2.10	Verlening van bystand met aktiwiteite soos herstelwerk, regmaak, dra, vervoer en berging	J	hulpbronne
		K	bankrotskap

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

MDUDUZI BETREE DIE FINANSIËLEDIENSTERUIMTE

Mduduzi Luthuli van Luthuli Capital Financing (LCF) is 'n jong sakeman wat gedryf word deur geesdrif, energie, groei-uitdagings en om in die rigting van sukses te beweeg. Mduduzi het 'n stewige prestasierekord in finansiële dienste, en in 2016 het hy 'n rykdombestuursmaatskappy, Luthuli Capital Financing (LCF) geloods. Hy het sy vorige werk verlaat, omdat hy iets wou doen waaroor hy werklik geesdriftig was. Nadat hy sy persoonlike spaargeld as kapitaal gebruik het, sê Mdu dat hy 'n droom bewaarheid het om hierdie maatskappy te begin omdat hy ook werk vir ander mense wou skep. As deel van sy maatskappy se maatskaplike verantwoordelikheid, stel hy mense uit die gemeenskap aan. Hy het Thabo Tunzi aangestel, 'n voormalige student wat NCV L4 in Bestuur by die Maluti TBOO-kollege in 2014 voltooi het, en wat vier jaar as bedryfsbestuurder by Sasol gewerk het. Hy het verder ook vir Ivy as finansiële beampte, Eric as ontvangspersoon en Kate en Lucy as skoonmakers aangestel.

Luthuli Capital Financing moet nog sy eie handelsmerk bou, en om dit te bereik, beplan Mdu om vennote te kry wat sy visie deel. Hy is daarvan bewus dat dit 'n uitdaging sal wees om die regte ekwiteitsvennote te vind, maar hy is dankbaar vir die ondersteuning wat hy van die Departement vir Kleinsake-ontwikkeling en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap ontvang. Die maatskappy het onlangs die toekenning as Jong Entrepreneur van die Jaar ontvang.

(Aangepas uit: *www.entrepreneurmag.co.za/advice/success stories*]

2.1 Kliënte kyk altyd hoe 'n onderneming verhoudings met belanghebbers bou.

Verduidelik die moontlike gevolge wat Luthuli Capital Financing (LCF) kan ondervind as hy sou versuim om aan die behoeftes en verwagtinge van sy belanghebbers te voldoen. (4 × 2) (8)

2.2 Wat moet Mduduzi doen om kliëntelojaliteit in sy onderneming te verwerf en te behou? (5)

2.3 Dit is belangrik dat sakestelsels saamwerk om die maatskappy se oogmerke te bereik.

2.3.1 Bespreek die interaksie tussen die administrasie- en die menselikehulpbronbesigheidstelsel in 'n maatskappy.

2.3.2 Verduidelik die uitwerking van 'n ineenstorting in verbindings tussen die administrasie- en die menslikehulpbronsakestelsel.

2.3.3 Verduidelik die faktore wat die doeltreffende vloei van inligting tussen sakestelsels beïnvloed.

(3 × 4) (12)

2.4 Beplanning is die sleutel tot sukses in elke onderneming.

2.4.1 Bespreek die belang van beplanning vir LCF. (4 × 2) (8)

2.4.2 Noem SEWE vereistes van 'n goeie plan. (7)
[40]

VRAAG 3

3.1 Thabo moet werkskedules ontwikkel vir werknemers om slim te werk ten einde die doelwitte van LCF te bereik.

3.1.1 Verduidelik die elemente van 'n werkskedule. (3 × 2) (6)

3.1.2 Verduidelik die riglyne om toegewese rolle aan werknemers te verduidelik as deel van die ontwikkeling van werkskedules. (6 × 2) (12)

3.2 As bedryfsbestuurder moet Thabo die menslikehulpbronfunksies in hierdie maatskappy verrig.

Verduidelik SES menslikehulpbronfunksies wat hy moet verrig. (6 × 2) (12)

3.3 Thabo wil TGB by LCF bekendstel.

3.3.1 Noem die elemente van TGB. (7×1) (7)

3.3.2 Noem enige DRIE gehaltebeheertegnieke wat ondernemings in werking kan stel om foute in hul werksaamhede te voorkom. (3)

3.4 Bespreek die filosofie van volgehoue verbetering as tegniek om gehalte in sakebedrywighede te verbeter. (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 LCF het hulpbronne nodig om doeltreffend te werk.

Verduidelik die hulpbronne wat beskikbaar moet wees om die plan van optrede suksesvol in werking te stel. (4 × 3) (12)

4.2 Noem enige DRIE bronne van inligting wat Thabo kan gebruik om werksaamhede by LCF te verbeter. (2 × 1) (2)

4.3 LCF word bedryf terwyl hy risiko's en onsekerheid in die gesig moet staar.

4.3.1 Bespreek regsvoldoeningsrisiko's. (4 × 2) (8)

4.3.2 Verduidelik die stappe in risiko-ontleding met verwysing na die risiko's in VRAAG 4.3.1. (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik die risiko's wat LCF moontlik kan teëkom as hy versuim om gehalteprosedures na te kom. (6 × 2) (12)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou